

UNISA

MUSIEKTEORIELEERPLANNE

VOORGRAAD 1 – GRAAD 5

2015 (tot verdere kennisgewing)

Direkoraat Musiek
Universiteit van Suid Afrika
PRETORIA

Hersiene Uitgawe
2017

2019/01/22

© Kopiereg 2015 deur Unisa

Alle regte voorbehou

Gedruk en uitgegee deur die
Universiteit van Suid-Afrika
Muckleneuk, Pretoria

INHOUD

Bladsy

ALGEMEEN

A	Taalmedium	(iv)
B	Eksamentermynne	(iv)
C	Skryfbehoeftes vir die teorie-eksamens	(iv)
D	Hernasien, Punteverslag en Eksaminatorsverslag	(iv)

NOTAS TOV SOLFANOTASIE: Voorgraad 1 – Graad 3	(v)
---	-----

VOORGRAAD 1	1
-------------	---

GRAAD 1	4
---------	---

GRAAD 2	9
---------	---

GRAAD 3	14
---------	----

GRAAD 4	20
---------	----

GRAAD 5	26
---------	----

ALGEMEEN

A Taalmedium

Musiekteorieleerplanne en vraestelle word in Afrikaans en Engels opgestel. Leerplanne en vraestelle vir die aanvangsgrade is ook beskikbaar in Sotho, Zulu en Xhosa.

B Eksamentermyn

Eerste eksamentermyn: Die eerste week in **Junie** – Voorgraad 1 tot Graad 6.

Tweede eksamentermyn: Die eerste helfte van **Oktober** – Voorgraad 1 tot Graad 8.

Die presiese datums word van jaar tot jaar vasgestel na gelang van die getal inskrywings, en belanghebbendes sal betyds daarvan in kennis gestel word.

C Skryfbehoeftes vir die teorie-eksamens

Manuskrippapier waarop die kandidate kladwerk kan doen voordat hulle die antwoorde op die eksamen vraestel self neerskryf, word deur die Universiteit verskaf.

Potloodskrif sal aanvaar word mits dit **duidelik leesbaar** is, byvoorbeeld wanneer 'n **B-** of **HB**-potlood gebruik word.

D Hernasien, Punteverslag en Eksaminatorsverslag

D.1 Hernasien van antwoorde

Die antwoorde van 'n kandidaat wat in 'n teorie-eksamen druipt, kan opnuut nagesien word teen betaling van 50% van die inskrywingsgeld vir die betrokke eksamen. Dié geld is nie terugbetaalbaar nie.

D.2 Uitreiking van punteverslag

'n Verslag wat die punte aantoon wat 'n kandidaat vir individuele vrae tydens die teorie-eksamen behaal het, kan teen betaling van die voorgeskrewe fooi uitgereik word.

D.3 Uitreiking van eksaminatorsverslag

'n Eksaminatorsverslag kan vir 'n kandidaat se teorie-eksamen aangevra word teen betaling van volle inskrywingsgeld vir die betrokke eksamen.

*In alle gevalle onder D.1, D.2 en D.3 genoem, moet die aansoek, saam met die voorgeskrewe geld, die Universiteit teen **20 Augustus** (vir die **eerste termyn**) en **20 Januarie** (vir die **tweede termyn** van die **vorige kalenderjaar**) bereik. Die antwoordeboeke word daarna vernietig.*

NOTAS TOV SOLFANOTASIE: VOORGRAAD 1 – GRAAD 3

A TOONHOOGTE

- Sewe solfasillabes word gebruik om toonhoogte aan te dui. Hierdie sillabes word in die noteteks afgekort en kleinletters word gebruik om hulle aan te dui. Die letters word op een vlak geskryf:

d r m f s l t (d¹)

- In solfanotasië word die toonsoort (tonika) aan die begin van 'n stuk aangedui:

Doh is C*

Doh is G*

* In Suid-Afrika word die skuifbare, ipv die vaste doh gebruik. Die doh kan op enige toonhoogte wees.

- Om tussen verskillende registerplasinge van 'n spesifieke solfasillabe te onderskei word 'n nommer of komma gebruik as:

boskrif: d¹ of d' om 'n hoër toonhoogte aan te dui ('n oktaaf hoër)


onderskrif: d₁ of d, om 'n laer toonhoogte aan te dui ('n oktaaf laer)

Voorbeelde

Solfanotasië

Doh is C: d r m f s l t d¹

Balknotasië



C majeur

Solfanotasië

Doh is G: d r m f s l t d¹

Balknotasië



G majeur

B TYDMAATTEKENS EN NOOTWAARDES (DUURTE)

- **Maatlyne word deur vertikale lyne aangedui:**

Solfanotasië



Balknotasië




- **Maatslae (die hoofverdeling van 'n maat) word deur 'n dubbelpunt (:) verdeel:**

Tydmaattekens in Solfanotasië



Balknotasië




* 'n korter vertikale lyn verdeel die maat in twee halwes

** 'n dubbelpunt verdeel die twee halwes in kwarte

- **Onderverdeling van kwartmaatslae word deur 'n punt (.) verdeel:**

Solfanotasië



Balknotasië



- **Aangehoue, oorgebinde (gebinde) en gepunteerde waardes:**
Halfnote en gepunteerde halfnote word deur 'n aandagstreep (–) aangedui

Solfanotasië

Doh is C

| d : – |

| d : – : d |

| d : – : – |

| d : – | d : – |

| d : – | – : d |


| d¹ : d¹ | – : d¹ |

| d¹ : – : d¹ | – : d¹ : d¹ |

| d¹ : – | – : d¹ | – : d¹ | d¹ : – |

Balknotasië

C majeur



• **Rustekens:**

Rustekens word deur 'n leë spasie aangedui

Solfanotasië

Balknotasië

Kwartrus

Doh is G

G majeur

d :	s :		
m : : r	d : - :		
d¹ :	m : r	d : -	- :




Halfrus

Doh is C

C majeur

| d¹ : - | t : - | d¹ : - | : |




Agsterus

Doh is G

G majeur

| m . : r . | d . : . |
| d . : m . | s : | d¹ : - | d¹ : - |



VOORGRAAD 1 [TV1-S]

- Aantal vraestelle : 1
- Tydsduur : 1 uur
- Maksimum punte : 100
 - Eerol : 95
 - Lof : 80
 - Eervolle vermelding : 70
 - Slaag : 50

Voorgraad 1

LEERPLAN

1 SLEUTELS EN OMVANG

1.1 Sleutels

G-sleutel (diskantsleutel) en F-sleutel (bassleutel)

1.2 Omvang waarin geskrewe note herken en gebruik moet word




2 NOOTWAARDES EN RUSTEKENS

2.1 Nootwaardes:



2.2 Rustekens:



3 TYDMAATTEKENS EN GROEPERING

3.1 Enkelvoudige tydmaattekens

$\frac{2}{4}$ $\frac{3}{4}$

3.2 Groepering

Korrekte groepering van voorgeskrewe nootwaardes en rustekens in voorgeskrewe tydmaattekens (sinkopasie uitgesluit).

4 TOONSOORTTEKENS, TOONLERE EN TOONTRAPPE

4.1 Toonsoorttekens

Die skryf en identifisering van die toonsoorttekens van C, G en F majeur in beide sleutels.

4.2 Toonlere

Die skryf en identifisering van die majeur toonlere van C, G en F, sonder toonsoortteken, in heelnote, opgaande vanaf die tonika, in beide sleutels. Halftone met bogies aangedui. Omvang een oktaaf.

4.3 Toontrappe

Die skryf en identifisering van die tonika-, subdominant- en dominanttrappe van die voorgeskrewe toonlere, sonder toonsoortteken in beide sleutels. Die gebruik van tegniese name.

5 INTERVALLE

Die skryf en identifisering van 'n terts- en kwintinterval bo die tonika van die voorgeskrewe toonlere in beide sleutels.

6 TERME EN TEKENS

Die betekenis en aanwending van:

6.1 Dinamiek

forte, *f* (I)*; mezzo forte, *mf* (I); mezzo piano, *mp* (I); piano, *p* (I); crescendo, *cresc.* (I); < decrescendo, *decresc.* > (I); diminuendo, *dim.* of *dimin.* (I)


6.2 Tempo

allegro (I); allegretto (I); andante (I); moderato (I); ritardando, *rit.* of *ritard.* (I).

6.3 Artikulasie

legato (I); staccato, *stacc.* (I)

6.4 Teken



7 SOLFANOTASIE

Name van die sewe basiese solfasillabes en afkortings daarvan:

Solfasillabes

doh ray mi fah soh lah ti (doh)

Afkortings

d r m f s l t (d)

* I = Italiaans

GRAAD 1 [T10–8]

- Aantal vraestelle : 1
- Tydsduur : 1 uur
- Maksimum punte : 100
 - Eerol : 95
 - Lof : 80
 - Eervolle vermelding : 70
 - Slaag : 50

Leerplanne vir Musiekteorie Voorgraad 1 tot en met Graad 8 is akkumulatief, dws kandidate moet vertrouwd wees met die leerplaninhoud van alle vorige grade.

LEERPLAN

1 SLEUTELS EN OMVANG

1.1 Sleutels

G-sleutel (diskantsleutel) en F-sleutel (bassleutel)

1.2 Omvang waarin geskrewe note herken en gebruik moet word



2 NOOTWAARDES EN RUSTEKENS

2.1 Nootwaardes:

2.2 Rustekens:

3 TYDMAATTEKENS EN GROEPERING

3.1 Tydmaattekens

$\frac{2}{4}$ $\frac{3}{4}$ $\frac{4}{4}$ C

3.2 Groepering

Korrekte groepering van voorgeskrewe nootwaardes en rustekens in bogenoemde tydmaattekens (sinkopasie uitgesluit).

4 TOONSOORTTEKENS, TOONLERE EN TOONTRAPPE

4.1 Toonsoorttekens

Die skryf en identifisering van majeur toonsoorttekens tot en met twee kruise en twee molle, en die tonika mineur van A majeur, dws **a mineur**.

Graad 1

4.2 Toonlere

Die skryf en identifisering van majeur toonlere tot en met twee kruise en twee molle, en van die tonika harmoniese mineur van A majeur, dws a harmoniese mineur, met sowel as sonder toonsoortteken, in heelnote, op- en/of afgaande vanaf die tonika, in beide sleutels. Halftone met bogies aangedui. Omvang een oktaaf.

4.3 Toontrappe

Die skryf en identifisering van die tonika-, subdominant- en dominanttrappe van die voorgeskrewe toonlere, met sowel as sonder toonsoortteken, in beide sleutels. Die gebruik van tegniese name.

5 INTERVALLE

Die skryf en identifisering van 'n terts- en kwintinterval bo die tonika van die voorgeskrewe toonsoorte, met sowel as sonder toonsoortteken, in beide sleutels.

6 DRIEKLANKE

Die skryf en identifisering* (besyfering/akkoordsimbole) van die tonika- (I/i), sub-dominant- (IV/iv) en dominantdrieklanke (V) (primêre drieklanke) van die voorgeskrewe toonsoorte in grondposisie en in noue ligging, met sowel as sonder toonsoortteken, in beide sleutels.

Voorbeelde: driestemmige in noue ligging op een balk.

Majeur toonsoorte
sonder toonsoortteken

Majeur toonsoorte
met toonsoortteken




D: I*

B \flat : IV

D: I

B \flat ** : IV

Mineur toonsoorte
met en sonder toonsoortteken



a: i*

a: iv

a** : V

* Besyfer drieklanke met Romeinse syfers: D: I; a: i

** Majeur toonsoorte word met hoofletters en mineur toonsoorte met klein letters aangedui.

7 TERME EN TEKENS

Die betekenis en aanwending van:

7.1 Dinamiek

fortissimo, *ff* (I)*; pianissimo, *pp* (I);

7.2 Tempo

adagio (I); andantino (I); presto (I); rallentando, *rall.* (I); ritenuto, (I); accelerando, *accel.* (I); a tempo (I)



7.3 Karakter

cantabile (I); semplice (I)

7.4 Artikulasie

aksent 

7.5 Terme en tekens

da capo, *D.C.* (I); fine (I); dal segno, *D.S.*  (I); anakrusis (opmaat, opslag); fermate (pouse) 

8 SOLFANOTASIE

Kennis van die volgende aspekte in solfanotasie:

- Solfasillabes

- Tydmaattekens: $\frac{2}{4}$ $\frac{3}{4}$

- Nootwaardes: 

* I = Italiaans

Graad 1

- **Transkripsie:**

Transkripsie van 'n tweemaat-frase van solfanotasië na balknotasië

Toonsoorte: C, G en F majeur (Doh kan C, G of wees)


Sleutel: G-sleutel

Omvang: 'n kwint

Voorbeeld:

Doh is C d-s (doh – soh)

C: middel c-g



GRAAD 2 [T20–A]

• Aantal vraestelle	:	1
• Tydsduur	:	1½ uur
• Maksimum punte	:	100
Eerol	:	95
Lof	:	80
Eervolle vermelding	:	70
Slaag	:	50

Leerplanne vir Musiekteorie Voorgraad 1 tot en met Graad 8 is akkumulatief, dws kandidate moet vertroud wees met die leerplaninhoud van alle vorige grade.

Graad 2

LEERPLAN

1 SLEUTELS EN OMVANG

1.1 Sleutels

G-sleutel (diskantsleutel) en F-sleutel (bassleutel)

1.2 Omvang waarin geskrewe note herken en gebruik moet word



2 NOOTWAARDES, RUSTEKENS EN GEBINDE NOTE

2.1 Nootwaardes:

2.2 Rustekens:

Kennis van verbindingsboë (bindboë) sal vereis word.

3 TYDMAATTEKENS EN GROEPERING

3.1 Tydmaattekens (Enkelvoudige en Saamgestelde tyd)

$\frac{2}{4}$ $\frac{3}{4}$ $\frac{4}{4}$ C

$\frac{6}{8}$ $\frac{9}{8}$

3.2 Groepering

Korrekte groepering van voorgeskrewe nootwaardes en rustekens in bogenoemde tydmaattekens (sinkopasie uitgesluit).

4 TOONSOORTTEKENS, TOONLERE EN TOONTRAPPE

4.1 Toonsoorttekens

Die skryf en identifisering van majeur en mineur toonsoorttekens tot en met drie kruise en drie molle. Kennis van verwante majeur en mineur toonsoorte met dieselfde toonsoortteken word vereis.

4.2 Toonlere

Die skryf en identifisering van majeur en harmoniese mineur toonlere tot en met drie kruise en drie molle, met sowel as sonder toonsoortteken, in heelnote, op- en/of afgaande vanaf die tonika, in beide sleutels. Halftone met bogies aangedui. Omvang een oktaaf.

4.3 Toontrappe

Die skryf en identifisering van alle toontrappe van die voorgeskrewe majeur en harmoniese mineur toonlere, met sowel as sonder toonsoortteken, in beide sleutels. Die gebruik van tegniese name.

5 TRANSPOSISIE

Transposisie van 'n gegewe passasie, met sowel as sonder toonsoortteken, 'n oktaaf hoër of laer vanaf die F- na die G-sleutel of omgekeerd.

6 INTERVALLE

Die skryf en identifisering van alle enkelvoudige diatoniese intervale, bo die tonika van die voorgeskrewe toonlere, met sowel as sonder toonsoortteken, in beide sleutels. Intervalle moet slegs bokant 'n gegewe noot geskryf word.

7 DRIEKLANKE

Die skryf en identifisering (besyfering/akkoordsimbole) van die tonika- (I/i), sub-dominant- (IV/iv) en dominantdrieklanke (V) (primêre drieklanke) van die voorgeskrewe toonsoorte in grondposisie. Drieklanke moet in noue ligging op een balk, met sowel as sonder toonsoortteken geskryf word.

8 VOORBEREIDING VIR MELODIE-SKRYF

Die byvoeging van 'n twee-maat ritme in antwoord op 'n gegewe twee-maat ritme.

Graad 2

9 TERME EN TEKENS

Die betekenis en aanwending van:

9.1 Dinamiek

fortepiano *fp* (I)*


9.2 Tempo

allargando (I); langsam, (D)**; larghetto (I); largo (I); lento (I); mosso (I);
rasch (D); schnell (D); tempo primo (I)

9.3 Karakter

alla marcia (I); delicato (I); espressivo, *espr.* (I); fröhlich (D); grazioso (I);
leggiero (I); lustig (D); ruhig (D); scherzando (I); tempo di minuetto (I)


9.4 Artikulasie

mezzo staccato,  (I); portato (I); tenuto (I)

9.5 Woorde wat met terme kombineer

con (I); ma non troppo (I); meno (I); mezzo (I); molto (I); senza (I)

9.6 Ander terme en tekens

da capo al segno (*D.C. al* ); *da capo al fine* (I); opus, op (L)***

10 SOLFANOTASIE

Kennis van die volgende aspekte in solfanotasie:

- Solfasillabes

- Tydmaattekens:  

* I = Italiaans

** D = Duits

*** L = Latyn

- **Nootwaardes en ooreenstemmende rustekens:**



- **Transkripsie:**

Transkripsie van 'n tweemaat-frase van solfanotasië na balknotasië

Toonsoorte: C, G, D, F, en B \flat majeur (Doh kan C, G, D, F, of B \flat wees)

Sleutel: G-sleutel


Omvang: 'n oktaaf

Voorbeeld:

Doh is C

d-d¹ (doh – doh¹)

C: middel c-c (oktaaf hoër)



GRAAD 3 [T30–C]

VERPLIGTE SKRIFTELIKE EKSAMEN VIR ENIGE GRAAD 4 PRAKTIESE EKSAMEN

- Aantal vraestelle : 1
- Tydsduur : 1½ uur
- Maksimum punte : 100
 - Ererol : 90
 - Lof : 80
 - Eervolle vermelding : 70
 - Slaag : 50

Leerplanne vir Musiekteorie Voorgraad 1 tot en met Graad 8 is akkumulatief, dws kandidate moet vertrouwd wees met die leerplaninhoud van alle vorige grade.

LEERPLAN

1 SLEUTELS EN OMVANG

1.1 Sleutels


G-sleutel (diskantsleutel) en F-sleutel (bassleutel)

1.2 Omvang

Kennis van alle hulplyne bo- en onderkant die notebalk sal vereis word.

2 NOOTWAARDES EN RUSTEKENS

2.1 Nootwaardes: 

2.2 Rustekens: 

3 TYDMAATTEKENS EN GROEPERING

3.1 Tydmaattekens

- *Enkelvoudige tyd*

$\frac{2}{4}$ $\frac{3}{4}$ $\frac{4}{4}$ C

$\frac{2}{2}$ C $\frac{3}{2}$ $\frac{4}{2}$

- *Saamgestelde tyd*

$\frac{6}{8}$ $\frac{9}{8}$ $\frac{12}{8}$

3.2 Groepering

Korrekte groepering van nootwaardes en rustekens tot en met sestiende-note in voorgeskrewe tydmaattekens.

Graad 3

4 TOONSOORTTEKENS, TOONLERE EN TOONTRAPPE

4.1 Toonsoorttekens

Die skryf en identifisering van majeur en mineur toonsoorttekens tot en met vier kruise en vier molle in die voorgeskrewe sleutels. Kennis van verwante majeur- en mineur toonsoorte met dieselfde toonsoortteken word vereis.

4.2 Toonlere

Die skryf en identifisering van majeur, harmoniese en melodiese* mineur toonlere tot en met vier kruise en vier molle, met sowel as sonder toonsoortteken, op- en/of afgaande vanaf die tonika, in beide sleutels, met gebruikmaking van gegewe nootwaardes/ritmiese patrone. Halftone met bogies aangedui. Omvang een oktaaf.

4.3 Toontrappe

Die skryf en identifisering van alle toontrappe van voorgeskrewe majeur en harmoniese mineur toonlere, met sowel as sonder toonsoortteken, in beide sleutels. Die gebruik van tegniese name.

5 TRANSKRIPSIE

Transkripsie (met behoud van dieselfde toonhoogte) van 'n gegewe passasie, met sowel as sonder toonsoortteken, van die F- na die G-sleutel, of omgekeerd.

6 INTERVALLE

Die skryf en identifisering van alle enkelvoudige diatoniese intervalle, bo die tonika van voorgeskrewe majeur en harmoniese mineur toonlere, met sowel as sonder toonsoortteken, in beide of tussen sleutels.

Intervalle moet bo sowel as onderkant 'n gegewe noot geskryf word.

7 VOORBEREIDING TOT HARMONIE PRIMÊRE EN SEKONDÊRE DRIEKLANKE/AKKOORDE

7.1 Driestemmig in nou ligging (spasiëring) met toonsoortteken

Die identifisering (besyfering) van onderstaande enkel drieklanke in grondposisie, in voorgeskrewe majeur en mineur toonsoorte.

* Die afgaande melodiese mineur toonleer staan ook bekend as die suiwer mineur toonleer of Eoliese modus.

Majeur toonsoortePrimêre drieklanke
(grondposisie)I^{*}; IV; VSekondêre drieklanke
(grondposisie)ii^{*}; iii; vi; vii^{o*}**Mineur toonsoorte**Primêre drieklanke
(grondposisie)

i; iv; V

Sekondêre drieklanke
(grondposisie)ii^o; III⁺; VI; vii^o

Voorbeelde:

C: I^{*} C: ii^{*} C: vii^o * c: III⁺ *

7.2 Vierstemmig (SATB) in noue sowel as wye ligging (spasiëring) op twee balke, met toonsoortteken

Die skryf en identifisering (besyfering) van alle primêre akkoorde (I(i), IV(iv), V) in grondposisie in voorgeskrewe majeure en mineur toonsoorte, met verdubbelde grondnoot en korrekte spasiëring. Die sopraan (grondnoot, tert of kwint) of basnoot (grondnoot) sal gegee word.

Voorbeelde:

Noue ligging (spasiëring)			Wye ligging (spasiëring)		
(3)**	(5)**	(1)**	(5)**	(3)**	(1)**
C: I	I	I	C: I	I	I

* Gebruik die volgende akkoordsimbole en toonsoortaanduidings:

majeur drieklank: I mineur drieklank: ii

verminderde drieklank: vii^o vergrote drieklank: III⁺

Majeur toonsoorte: C (hoofletter) Mineur toonsoorte: c (kleinletter)

** Terts, kwint of grondnoot in sopraan

Graad 3

7.3 Harmoniese analise

Die harmoniese analise (besyfering/akkoordsimbole) van geskikte uittreksels van musiek. Toonsoorte tot en met vier kruise en vier molle is van toepassing.

8 VOLTOOIING VAN 'N MELODIE

Die byvoeging van twee mate aanvullende ritmiese melodie by 'n gegewe tweemaat opening in C, G, D, F en B \flat majeur in $\frac{2}{4}$ $\frac{3}{4}$ $\frac{4}{4}$ of $\frac{6}{8}$

9 TERME EN TEKENS

Die betekenis en aanwending van:

9.1 Dinamiek

con forza (I)*; marcato, (I); rinforzando, *rf*, *rfz* of *rinf.* (I); sforzando, sforzato, *sf*, *sfz* (I); sforzando-piano, *sfp* (I); smorzando, (I);

9.2 Tempo

con moto (I); lebhaft (D)**; mässig (D); stringendo (I)

9.3 Karakter

agitato (I); animato, con anima (I); Ausdruck (D); bewegt (D); con brio (I); con espressione (I); con spirito (I); dolce (I); energico (I); frisch (D); grave (I); maestoso (I); marziale (I); mesto (I); misterioso (I); pesante (I); traurig (D); zart (D)

9.4 Artikulasie

non legato (I); staccatissimo (I)

9.5 Woorde wat met terme kombineer

ben (I); più (I); poco (I); sempre (I); subito (I)

9.6 Ander terme en tekens

mano destra (I); mano sinistra (I); Ottava / *8va* (I); *8va*-----] *8va*-----]


* I = Italiaans

** D = Duits

10 SOLFANOTASIE

Kennis van die volgende aspekte in solfanotasie:

- **Solfasillabes**
- **Tydmaattekens:** $\frac{3}{4}$ $\frac{4}{4}$
- **Nootwaardes en ooreenstemmende rustekens:**



- **Transkripsie:**

Transkripsie van 'n tweemaat-frase van solfanotasie na balknotasie

Toonsoorte: C, G, D, A, F, B \flat en E \flat majeur (Doh kan C, G, D, A, F, B \flat of E \flat wees)

Sleutel: G-sleutel


Omvang: 'n oktaaf

Voorbeeld:

Doh is G

d-d¹ (doh – doh¹)

G: g (bokant middel c)–g (oktaaf hoër)



GRAAD 4 [T40–E]

VERPLIGTE SKRIFTELIKE EKSAMEN VIR ENIGE GRAAD 5 PRAKTIESE EKSAMEN

- Aantal vraestelle : 1
- Tydsduur : 2 uur
- Maksimum punte : 100
 - Eerol : 90
 - Lof : 80
 - Eervolle vermelding : 70
 - Slaag : 50

Leerplanne vir Musiekteorie Voorgraad 1 tot en met Graad 8 is akkumulatief, dws kandidate moet vertrouwd wees met die leerplaninhoud van alle vorige grade.

LEERPLAN

1 SLEUTELS

G-sleutel (diskantsleutel), alt- en F-sleutel (bassleutel)

2 NOOTWAARDES EN RUSTEKENS

2.1 Nootwaardes

Alle nootwaardes tot en met sestiendenote met insluiting van die dubbelheelnoot, enkel gepunteerde waardes, asook duole, triole en kwintole in agste- en sestiendenote.

2.2 Rustekens

Alle rustekens tot en met sestiende-rustekens met insluiting van enkel gepunteerde rustekens (saamgestelde tydmaattekens) en die dubbelheelrus.

3 TYDMAATTEKENS EN GROEPERING

3.1 Tydmaattekens

- *Enkelvoudige tydmaattekens*

$\frac{2}{4}$ $\frac{3}{4}$ $\frac{3}{8}$ $\frac{4}{4}$

- *Saamgestelde tydmaattekens*

$\frac{6}{8}$ $\frac{9}{8}$ $\frac{12}{8}$

3.2 Groepering

Korrekte groepering van nootwaardes en rustekens tot en met sestiende-note in voorgeskrewe tydmaattekens.

4 TOONSOORTTEKENS EN TOONLERE

4.1 Toonsoorttekens

Die skryf en identifisering van alle majeur en mineur toonsoorttekens in die altsleutel.

Graad 4

4.2 Majeur en mineur toonlere

Die skryf en identifisering van alle majeure, harmoniese en melodiese mineur toonlere, met sowel as sonder toonsoortteken, op- en/of afgaande vanaf die tonika, in die voorgeskrewe sleutels, met gebruikmaking van gegewe nootwaardes/ritmiese patrone. Halftone met bogies aangedui. Omvang een oktaaf.

5 INTERVALLE

Die skryf en identifisering van alle enkelvoudige diatoniese intervalle en hulle omkerings in en tussen die G- en F-sleutel.

6 HARMONIE: PRIMÈRE EN SEKONDÊRE DRIEKLANKE/AKKOORDE

6.1 Driestemmig in noue en wye ligging (spasiëring) op een balk, met toonsoortteken

Die identifisering (besyfering) van onderstaande enkel drieklanke in majeure en mineur toonsoorte tot en met vier kruise en vier molle, in akkoord (noue en wye ligging), gebroke-akkoord (noue en wye ligging) en Alberti-bas (noue ligging) vorm.

Majeur Toonsoorte

Primêre drieklanke

I; I_6^* (Ib)*; I_4^6 (Ic)
 IV; IV_6 (IVb); IV_4^6 (IVc)
 V; V_6 (Vb); V_4^6 (Vc)

Sekondêre drieklanke

ii; ii_6 (iib)
 iii; iii_6 (iiib)
 vi; vi_6 (vib)
 vii_6^o (vii^ob)

Mineur Toonsoorte

Primêre drieklanke

i; i_6 (ib); i_4^6 (ic)
 iv; iv_6 (ivb); iv_4^6 (ivc)
 V; V_6 (Vb); V_4^6 (Vc)

Sekondêre drieklanke

ii_6^o (ii^ob)
 III_6^+ (III⁺b)
 VI
 vii_6^o (vii^ob)

Voorbeelde:

C: I I I F: $ii_6(iib)$ $ii_6(iib)$ $ii_6(iib)$ e: $V_4^6(Vc)$ $V_4^6(Vc)$ $V_4^6(Vc)$

* Kandidate moet vertrouwd wees met beide besyferingmetodes bv i_6 ; (ib)

6.2 Vierstemmig (SATB) in noue en wye ligging (spasiëring) op twee balke, met toonsoortteken

Die skryf van onderstaande enkel akkoorde in majeur en mineur toonsoorte tot en met vier kruise en vier molle met gepaste verdubbeling en ligging (spasiëring) in die gegewe posisies. Die sopraan of basnote sal gegee word.

Majeur Toonsoorte

Primêre drieklanke

I; I₆ (Ib); I₄⁶ (Ic)

IV; IV₆ (IVb); IV₄⁶ (IVc)

V; V₆ (Vb); V₄⁶ (Vc)

Sekondêre drieklanke

ii; ii₆ (iib)

iii; iii₆ (iiib)

vi; vi₆ (vib)

vii^o₆ (vii^ob)

Mineur Toonsoorte

Primêre drieklanke

i; i₆ (ib); i₄⁶ (ic)

iv; iv₆ (ivb); iv₄⁶ (ivc)

V; V₆ (Vb); V₄⁶ (Vc)

Sekondêre drieklanke

ii^o₆ (ii^ob)

III⁺₆ (III⁺b)

VI

vii^o₆ (vii^ob)

6.3 Kadense – vierstemmig (SATB) op twee balke met toonsoortteken

Die skryf van die volgende kadense in majeur en mineur toonsoorte tot en met vier kruise en vier molle met gepaste verdubbeling en ligging, asook korrekte spasiëring en stemvoering. Die sopraan of basnote sal gegee word.

Volmaakte kadens (outentieke kadens) V – I (i) :

7 – 8*; 2 – 1; 2 – 3; 5 – 5; 5 – 3

Onvolmaakte kadens (halfkadens) I (i) – V :

8 – 7; 1 – 2; 3 – 2; 5 – 5

Plagale kadens IV (iv) – I (i) :

6 – 5; 4 – 3; 1 – 1

Onderbroke kadens (bedrieglike kadens) V – vi (VI) :

2 – 1; 7 – 8; 5 – 3

* Toontrappe

Graad 4

Voorbeelde:

7 - 8* 1 - 2 1 - 1 2 - 1

G: V I d: i V c: iv i D: V vi

6.4 Harmoniese analise

Die harmoniese analise (besyfering) van geskikte uittreksels van musiek. Toonsoorte tot en met vier kruise en vier molle is van toepassing.

7 DIE VOLTOOIING VAN 'N MELODIE

Die byvoeging van 'n viermaatfrase tot 'n gegewe viermaatfrase in enige majeur toonsoort tot en met twee kruise en twee molle. Van kandidate sal verwag word om sinvolle dinamiektekens en fraseboë (fraseringsboë) aan te bring.

Die volgende tempo-aanduidings, tydmaattekens en nootwaardes sal vereis word:

- Tempo-aanduidings: allegro, allegretto, moderato, andante
- Tydmaattekens: $\frac{2}{4}$ $\frac{3}{4}$ $\frac{4}{4}$ $\frac{6}{8}$
- Nootwaardes: Alle nootwaardes en rustekens tot en met die sestiende-noot, insluitend enkelgepunteerde waardes tot en met die agstenoot.

* Toontrappe

8 TERME EN TEKENS

Die betekenis en aanwending van:

8.1 Tempo

lent (F)*; modéré (F); perdendosi (I)**; sostenuto (I)

8.2 Karakter

appassionato (I); brillante (I); doloroso (I); dolente (I); con fuoco (I); deciso (I); lamentoso (I); martellato (I); risoluto (I); secco (I); serio (I)

8.3 Woorde wat met terme kombineer

assai (I); etwas (D)***; immer (D); mit (D); nicht (D); ohne (D); quasi (I); sehr (D)

8.4 Ander terme en tekens

main droite (F); main gauche (F); M.M. ♩ = 72 (of ♩ = 72)

* F = Frans

** I = Italiaans

*** D = Duits

GRAAD 5 [T50–G]

VERPLIGTE SKRIFTELIKE EKSAMEN VIR ENIGE GRAAD 6 EN 7 PRAKTIESE EKSAMEN

- Aantal vraestelle : 1
- Tydsduur : 3 uur
- Maksimum punte : 100
 - Eerol : 90
 - Lof : 80
 - Eervolle vermelding : 70
 - Slaag : 50

Leerplanne vir Musiekteorie Voorgraad 1 tot en met Graad 8 is akkumulatief, dws kandidate moet vertrouwd wees met die leerplaninhoud van alle vorige grade.

LEERPLAN

1 SLEUTELS

G-sleutel (diskantsleutel), alt-, tenoor- en F-sleutel (bassleutel)

2 NOOTWAARDES EN RUSTEKENS

Alle nootwaardes en rustekens met insluiting van enkel gepunteerde waardes asook onreëlmatige nootgroepe tot en met die kwintool in agste-, sestiende- en twee-en-dertigste note.

3 TYDMAATTEKENS EN GROEPERING

3.1 Tydmaattekens

Alle enkelvoudige en saamgestelde tydmaattekens asook die volgende onreëlmatige tydmaattekens:

5 **5** **7** **7**
4 **8** **4** **8**

3.2 Groepering

Korrekte groepering van nootwaardes en rustekens tot en met twee-en-dertigste-note en rustekens in bogenoemde tydmaattekens.

4 TOONSOORTTEKENS EN TOONLERE

4.1 Toonsoorttekens

Die skryf en identifisering van alle majeure en mineur toonsoorttekens in die tenoorsleutel.

4.2 Pentatoniese toonleer (vyftoon-toonleer wat bestaan uit verskillende kombinasies van majeure sekundes en mineur tertse, sonder halftone)

Die skryf en identifisering in al die voorgeskrewe sleutels van 'n opgaande pentatoniese toonleer op enige toontrap.

Graad 5

4.3 Heeltoon-toonleer (seston-toonleer wat slegs uit heeltone bestaan)

Die skryf en identifisering in al die voorgeskrewe sleutels van 'n opgaande heeltoon-toonleer op enige toontrap.

4.4 Blues-toonleer (Jazz)

Die skryf en identifisering in al die voorgeskrewe sleutels van 'n opgaande blues-toonleer op enige toontrap.

5 TRANSPOSISIE

Transposisie van 'n gegewe passasie, volgens 'n majeur sekunde, mineur terts en rein kwint, hoër of laer, met toonsoortteken in dieselfde sleutel of tussen enige twee van die voorgeskrewe sleutels.

6 INTERVALLE

Die skryf en identifisering in al die voorgeskrewe sleutels of tussen die G- en F-sleutel van alle enkelvoudige en saamgestelde majeur-, mineur-, rein- (volmaakte), vergrote en verminderde intervalle en hulle omkerings, soos gevorm tussen enige note van die diatoniese majeur- en mineurtoonlere.

7 TERME EN VERSIERINGS

Die betekenis en aanwending van:

7.1 Tempo

au mouvement (F)*; doppio movimento (I)**

7.2 Karakter

doux (F); giocoso (I); gravement (F); pomposo (I); preciso (I); sonoro (I);
sonore (F); tranquillo (I)

7.3 Woorde wat met terme kombineer







assez (F); avec (F); moins (F); plus (F); sans (F)

* F = Frans

** I = Italiaans

7.4 Versierings

Die herkenning van die volgende versieringsimbole:

- **acciaccatura** 
- **appoggiatura** 
- **triller** 
- **sneller** 
- **mordent** 
- **dubbelslag** 

8 HARMONIE

- In hierdie afdeling sal alleenlik sopraanpartye gegee word om vierstemmig (SATB) te harmoniseer.
- Alle akkoordprogressies word met toonsoortteken geskryf.
- Oefeninge sal in enige majeur en mineur toonsoort, tot en met vier kruise en vier molle, gevra word.
- Akkoordbesyfering word met letters (Ia, Ib, Ic) of nommers [I (I $\frac{5}{3}$), I $\frac{6}{6}$ (I $\frac{6}{3}$), I $\frac{6}{4}$] aangedui. Kandidate moet met beide besyferingsmetodes bekend wees.
- Gee aandag aan gepaste verdubbeling asook korrekte spasiëring.
- Behalwe vir die dominantsewende-akkoord wat 'n vierklank is, word slegs drieklanke bedoel met die benamings 'akkoorde' en 'akkoordprogressies' in hierdie eksamen.

8.1 Vierstemmigheid (SATB op twee balke)

Die byvoeging van drie partye onder 'n gegewe sopraan (maksimum agt mate) gebaseer op alle sekondêre akkoorde (ii/ii^o; iii/III⁺; vi/VI; vii^o), in grondposisie en eerste omkering soos gebruiklik en alle primêre akkoorde (I/i; IV/iv; V) in grondposisie, eerste- en tweede omkering soos gebruiklik, asook die dominantvierklank in grondposisie, eerste- en derde omkering.

Gebruiklike akkoordprogressies en sopraanpartye*:

8.1.1 Kadense

Volmaakte kadens (outentieke kadens)

- I (i) – V – I (i): 8–7–8 / 3–2–3 / 5–5–5 / 3–2–1 / 5–5–3*
- I (i) – V – Ib (ib): 5–5–5 / 3–2–1
- IV – V – I (i): 8–7–8 / 4–2–3 / 6–5–5 / 4–2–1 / 6–7–8
- IV (iv) – V – Ib (ib): 8–7–8 / 6–5–5 / 4–2–1
- IVb (ivb) – V – I (i): 8–7–8 / 4–5–5
- IVb (ivb) – V – Ib (ib): 8–7–8 / 4–5–5
- iib (ii^ob) – V – I (i): 2–7–8 / 4–2–3 / 6–5–5 / 4–2–1
- iib (ii^ob) – V – Ib (ib): 2–7–8 / 6–5–5 / 4–2–1

Onvolmaakte kadens (halfkadens)

- IV (iv) – I (i) – V: 8–8–7 / 4–3–2 / 6–5–5 / 1–1–2
- IV (iv) – Ib (ib) – V: 4–5–5
- I (i) – IV (iv) – V: 8–8–7 / 3–4–2 / 5–6–5
- I (i) – IVb (ivb) – V: 5–4–5 / 8–8–7
- IV (iv) – iib (ii^ob) – V: 1–2–7 / 6–6–5 / 4–4–2

Plagale kadens

- I (i) – IV (iv) – I (i): 5–6–5 / 3–4–3 / 1–1–1

Onderbroke kadens (bedrieglike kadens)

- I (i) – V – vi (VI): 3–2–1 / 8–7–8
- IV (iv) – V – vi (VI): 8–7–8 / 4–2–1
- iib (ii^ob) – V – vi (VI): 2–7–8 / 4–2–1

* Gebruiklike sopraanpartye word by alle akkoordprogressies aangedui

8.1.2 Die kadensiële kwartsekstakkoord [Ic (ic) en IVc (ivc)]

Volmaakte kadens (outentieke kadens)

- [Ic (ic) – V] – I (i) : 8–7–8 / 3–2–1 / 5–5–5
- V – [IVc (ivc) – I (i)] : 7–8–8 / 2–4–3 / 5–6–5
- Vb – [IVc (ivc) – I (i)] : 5–6–5 / 5–4–3

Onvolmaakte kadens (halfkadens)

- IV (iv) – [Ic (ic) – V] : 8–8–7 / 4–3–2 / 6–5–5
- iib (ii^ob) – [Ic (ic) – V] : 2–1–7

Plagale kadens

- IV (iv) – [IVc (ivc) – I (i)] : 6–6–5 / 4–4–3 / 1–1–1

Onderbroke kadens (bedrieglike kadens)

- [Ic (ic) – V] – vi (VI) : 8–7–8 / 3–2–1

8.1.3 Deurgangsprogressies

Vc as deurgangsakkoord

- I (i) – Vc – Ib (ib) : 3–2–1 / 5–5–5 / 8–7–8
- Ib (ib) – Vc – I (i) : 1–2–3 / 5–5–5 / 8–7–8

Ic (ic) as deurgangsakkoord

- IV (iv) – Ic (ic) – IVb (ivb) : 6–5–4 / 1–1–1 / 4–3–4
- IVb (ivb) – Ic (ic) – IV (iv) : 4–5–6 / 1–1–1 / 4–3–4

vii^ob as deurgangsakkoord

- I (i) – vii^ob – Ib (ib) : 3–2–1 / 8–7–8
- Ib (ib) – vii^ob – I : 1–2–3 / 8–7–8

Graad 5

8.1.4 Die stygende en dalende melodiese mineur toonleer

(toontrappe: 6-7-8; 8-7-6)

a: IV V i a: IV vii^o b i a: IV V_{7d} ib
 *(A: IV V I) *(A: IV vii^o b I) *(A: IV V_{7d} Ib)

a: i III iv a: VI III iv
 *(A: I iii IV) *(A: vi iii IV)

8.1.5 III⁺b in 'n mineur toonsoort

a: iv III⁺b VI a: iv III⁺b V₍₇₎ i
 (A: IV iiib vi) (A: IV iiib V₍₇₎ I)

* Kan ook in majeur toonsoorte gebruik word.

8.1.6 Akkoordherhaling

Die herhaling van primêre akkoorde [I(i), IV(iv) en V] in grondposisie met veranderde sopraanplasing (stygende en dalende kwint-, kwart- en tertspronge) en veranderde akkoordposisie (grondposisie na eerste omkering of omgekeerd)

Voorbeelde van tonikadrieklank:

Kwintsprong **Kwartsprong**

C: I I I I C: I I I I C: I I I I C: I I I I

Tertsprong

C: I I I I C: I₆ I I I₆ C: I I I I

Opsomming: Elke volgende noot in 'n melodie hoef nie noodwendig 'n nuwe akkoord te impliseer nie.

Waar moontlik kan kadensprogressies verleng word deur gebruikmaking van akkoordherhaling.

Voorbeeld:

C: I I I V vi

* Tertsprong

Graad 5

8.1.7 Herhaalde of aangehoue dominant, tonika en subdominant

Twee primêre akkoorde

5 5 - 5 5 - 5 1 1 - 1 1 - 1

C: V I C: I V C: IV I C: I IV
 (c: V i) (c: i V) (c: iv i) (c: i iv)

Deurgangs $\frac{6}{4}$

1 - 1 - 1 1 - 1 - 1 5 - 5 - 5 5 - 5 - 5

C: IV Ic IVb C: IVb Ic IV C: I Vc Ib C: Ib Vc I
 (c: iv ic ivb) (c: ivb ic iv) (c: i Vc ib) (c: ib Vc i)

Dalende tertswerwantskappe

1 - 1 - 1 5 - 5 - 5 4 - 4 - 4

C: I vi IV C: V iii I C: IV ii vii^ob

The musical score consists of three measures in G minor (three flats). Each measure shows a chord in the right hand and its bass notes in the left hand. Fingerings are indicated by numbers 1-5 above notes. Roman numerals are provided below each measure.

Measure 1: Right hand chords are G³ (1-1-1), B³ (1-1-1), and G³ (1-1-1). Left hand notes are G, B, D. Roman numeral: c: i VI iv.

Measure 2: Right hand chords are D³ (5-5-5), F³ (5-5-5), and D³ (5-5-5). Left hand notes are G, B, D. Roman numeral: c: V III⁺b I.

Measure 3: Right hand chords are G³ (4-4), B³ (4-4), and G³ (4-4). Left hand notes are G, B, D. Roman numeral: c: iv ii^ob.

8.1.8 Dominantsewende-akkoord (dominantvierklank)*

- $V^7 - I (i)$: 2-1 / 4-3 / 7-8
- $V^7b - I (i)$: 5-5 / 2-1 / 4-3
- $V^7d - Ib (ib)$: 5-5 / 7-8 / 2-1
- $V^7 - vi (VI)$: 2-1 / 7-8 / 4-3

8.2 Akkoordvreemde note (nie-essensiële note)

Die aanwending en identifikasie van die volgende onbeklemtoonde, diatoniese akkoordvreemde note:

- deurgangsnoot
- bo- en onder hulpnote

8.3 Harmoniese analise

Die harmoniese analise (besyfering) van geskikte gegewe uittreksels van musiek.

9 VOLTOOIING VAN 'N MELODIE

Die voltooiing van 'n agtmaatmelodie vir 'n melodiese instrument van jou keuse, waarvan die aanvangsmotief gegee sal word, in enige majeur of mineur toonsoort tot en met drie kruise en drie molle, in die G- of F-sleutel.

Die volgende tempo-aanduidings, tydmaattekens en nootwaardes sal vereis word:

* Gebruik die tonika, subdominant of supertonika akkoord in 'n geskikte posisie as voorafgaande akkoord.

Graad 5

- allegro, allegretto, moderato, andante
- **$\frac{2}{4}$ $\frac{3}{4}$ $\frac{4}{4}$ $\frac{6}{8}$ $\frac{9}{8}$**
- Alle nootwaardes en rustekens tot en met die sestiendenoot, insluitend enkelgepunteerde waardes tot en met die agstenoot, asook triole in agstenote.
- Daar sal van kandidate verwag word om gebruik te maak van frasering, sinvolle artikulasie- en dinamiese aanduidings.

10 VORMONTLEDING

Die ontleding van die volgende voorgeskrewe stukke* tov:

- **Akkoordprogressies** (slegs voorgeskrewe akkoorde sal vereis word)
- **Toonsoorte** (modulasies ingeslote)
- **Frases**
- **Kadense**
- **Struktuur** (twee- en drieledig)
 - JS Bach Menuet in G mineur (Klaviereksamenbundel 2008 Voorgraad 1, p 2)
 - Handel Rigaudon in G majeur (Klaviereksamenbundel 2008 Graad 4, p 3)
 - Haydn Tema uit Tema en Variasies Hob XVII: 5 (Klaviereksamenbundel 2008 Graad 6, p 8)
 - M Swierzynski Speel (Klaviereksamenbundel 2008 Graad 1, p 15)
 - MS Setai Mankokosane (Ons is gelukkig dat dit reën)

* Hierdie stukke met beknopte analises kan in 'n aparte publikasie vanaf Die Bedryfsafdeling, Unisa Uitgewers, Posbus 392, Unisa, 0003 bestel word e-pos frasehj@unisa.ac.za (navrae alleenlik) Tel (012)-429-3368; Fax (012)-429-3221/3449

11 MUSIEKGESKIEDENIS

- **Westerse kunsmusiek/Klassieke musiek**

- Die benaderde datums van die volgende tydperke:
 - Barok
 - Klassisisme
 - Romantiek
- Bondige beskrywings van twee verskillende algemeenteenwoordige komposisiegenres van elke tydperk
(bv. Vokaal: opera, oratorium, mis ens;
Instrumentaal: fuga, suite, sonate, simfonie ens),
- Name van twee belangrike komponiste uit elke tydperk,
- Bondige beskrywings van twee verskillende tipe werke met 'n voorbeeld van elke tipe werk, deur elke komponis uit die gegewe tydperke.

- **Populêre musiek**

'n Definisie van, en die benoeming van musikante verteenwoordigend van die volgende style:

- Rock 'n' Roll
- Funk
- Hip-hop
- Kwaito
- Bubblegum